*NAMAKWA TOERE & AKKOMMODASIE (EDMS) BPK*
*2020/895816/07*
*H/A NAMAKWA TOERE*

Sinoniem met die panoramiese Sederberge, die asemrowende Stadsaalgrotte wat jou op 'n verbeeldingstog neem en jou na 'n ander dimensie weglei, ongerepte Weskus natuurskoonheid, kaleidoskoop van Namakwalandse blommeprag, gasvryheid, weglê-etes en die luuksste busvervoer.

# 2025 NAMAKWALAND BLOMMETOERE

Betaal R3 000 p.p. deposito (binne 14 dae) nadat u bespreking bevestig is,
en balans van toergeld 30 dae voor toer vertrek.

**Dit is belangrik dat u moet weet dat die blommeseisoen in ons reënseisoen is. Ons behou die reg voor om ons dag tot dag reisprogram om te ruil of verander om by die weer, en die blomme aan te pas.**

| ***4 Dag Spesiaal***<br>3 Nagte akkommodasie<br>3 x Aandete<br>3 x Ontbyt<br>2 x Piekniek Middagete<br>Vervoer | | ***4 Dag***<br>3 Nagte akkommodasie<br>3 x Aandete<br>3 x Ontbyt<br>2 x Piekniek Middagete<br>Vervoer | | ***5 Dag***<br>4 Nagte akkommodasie<br>4 x Aandete<br>4 x Ontbyt<br>3 x Piekniek Middagete<br>Vervoer | | ***6 Dag***<br>5 Nagte akkommodasie<br>5 x Aandete<br>5 x Ontbyt<br>4 x Piekniek Middagete<br>Vervoer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **PP<br>Deel<br>R10 100** | **PP<br>Enkel<br>R12 300** | **PP<br>Deel<br>R11 600** | **PP<br>Enkel<br>R13 900** | **PP<br>Deel<br>R14 500** | **PP<br>Enkel<br>R17 400** | **PP<br>Deel<br>R17 400** | **PP<br>Enkel<br>R20 000** |
| ~~Ma. 28 Jul – Do. 31 Jul~~ | | ~~Vry. 01 Aug – Ma. 04 Aug~~ | | ~~Sa. 09 Aug – Wo. 13 Aug~~ | | Wo. 20 Aug – Ma. 25 Aug<br>***R1 500 afslag*** | |
| Di. 16 Sept – Vry. 19 Sept | | ~~Di. 05 Au – Vry. 08 Aug~~ | | Do. 14 Aug – Ma. 18 Aug | | So. 31 Aug – Vry. 05 Sept | |
| | | Vry. 12 Sept – Ma. 15 Sept | | Di. 26 Aug – Sa. 30 Aug | | | |
| | | | | Sa. 06 Sept – Wo. 10 Sept | | | |

**UITGESLUIT:**

- Ontbyt & Middagete 1ste dag van die toer
- Middagete laaste dag van die toer
- Drankies
- Fooitjies
- Vlugte na en van Kaapstad
- Hotel akkommodasie in Kaapstad voor en/of na toer
- Toegangsfooie – kostes behoort R250 per persoon vir die tydperk van die toer te beloop

**EKSTRA:**

- Ons help graag met vlug besprekings asook betaling van die vlugte – kostes R200 p.p. vir bankkostes en administrasie fooi.
- Deposito van R3 000 p.p. is vooraf betaalbaar voordat ons vlugte doen. Die kostes van vlugte asook die R200 per persoon is ook onmiddellik betaalbaar.
- Neem asseblief kennis dat ons nie goedkoper vlugte kry nie, daarom is u welkom om alle vlugte self te doen. Indien u vlugte wil doen dieselfde aand wat die toer eindig, **MOET** die vlugte na **18:00** wees.
- Hotel bespreking in Kaapstad, voor en na die toer <u>moet</u> deur ons gedoen word, geen administrasie fooi betaalbaar. Betaal direk aan die hotel wanneer bespreking bevestig word of wanneer u inboek by hotel.

- Pendeldieste vir vervoer tussen die lughawe en hotel kan gereël word, geen administrasie fooi betaalbaar.

***ONTHOU DIT WANNEER JY KOM BLOMME KYK:***

- Buiten Namakwaland se 5 streke (Knersvlakte, Hardeveld, Namakwalandse Klipkoppe, Richtersveld en Kusvlakte) is daar nog ander streke wat jaarliks spog met die van die mooiste blomme soos die Weskus, Olifantsrivier-vallei, Swartland, Bokkeveld, Sederberge en Biedouw-vallei!
- Die blomme-streek is baie groot. Wees dus bereid om baie kilometers saam met ons na blomme te soek.
- Elke streek se blomme is anders en jy sal nooit alle streke terselfdertyd op hul beste kan sien nie
- Blommeseisoen ***IS*** reënseisoen. Wanneer dit reën sal jy nie kan blomme kyk nie, daarom bly ons op een plek vir die duur van die toer, om ons program aan te pas vir reëndae.
- Daar groei meer as 3500 verskillende spesies blomme in Namakwaland, en om van hierdie plante beter te leer ken maak dit jou besoek soveel meer waardevol as om net plate blomme te wil kom beleef.

***WIE IS NAMAKWA TOERE EN WAT DOEN ONS ANDERS:***

- Ons is Namakwalanders en ken ons streek goed.
- Reeds sedert 1985 in die toerbedryf en ons is 'n familiebesigheid.
- Die toergidse is ook die eienaars van die bedryf daarom is hulle die bekwaamste, hulpvaardigste en vriendelikse gidse wat u ooit in Namakwaland sal ontmoet.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir hierdie toer sal persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer word.
- Namaqua Lodge, Vanrhynsdorp, waar ons toerlede elke aand tuis gaan is in die hart van Namakwaland.
- Hier pak ons een keer uit en een keer in, met ander woorde al die aande gaan ons in Namaqua Lodge tuis en van hieraf vertrek ons elke dag in 'n ander rigting om te gaan blomme kyk.
- Ons hotel is werklik bekend vir uitmuntende goeie etes en goeie diens - ons naam loop ons vooruit hiervoor.
- Alle kamers het privaat badkamers en is op grondvlak geleë.
- Daar is geen gejaagde toerpgrogram nie! Ons toergidse/busbestuurders is saam met u op toer en nooit onder druk nie.
- Ons reisprogram is nie beperk tot kilometers nie en daarom ry ons tot waar die beste blomme is. Selfs op grondpaaie en plaaspaaie!

***TOER BESPREKINGS:***

- Wanneer u besluit het om op een van ons toere te bespreek kan u een van twee maniere bespreek:
- 1. Kontak ons gerus per e-pos, telefonies of per whatsapp (066 385 4653), ons skakel u terug en doen 'n telefoniese bespreking.
- 2. Vul die besprekings vorm in en e-pos die vorm dan vir ons kantoor info@namakwatoere.com.
- Die nodige sal dan deur ons gedoen word (hotel- en vlug besprekings indien u dit so aangedui het). U sal 'n toer verwysingsnommer en Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. **Hierdie toer verwysingsnommer *moet* op u deposito strokie aangetoon word.** Hierdie toer verwysingsnommer moet ook op alle korrespondensie gebruik word vir die toer wat u bespreek het.

***EKSTRA MYL WAT ONS STAP:***

- Alle blomme toere vertrek vanaf Kaapstad.
- Ons kan help met vlugbesprekings vir u toer indien u moet vlieg na Kaapstad.
- Neem kennis die administrasie kostes beloop R200 per persoon indien ons die vlugte vir u moet bespreek.
- Sodra vlugte klaar bespreek is moet u die totale koste soos per faktuur in ons bankrekening betaal.
- Hotel akkommodasie kan deur ons bespreek word, ons neem geen kommissie op die tarief wat hotelle ons vra nie.
- Pendeldienste kan ook deur ons gereël word, en geen administrasie kostes word hiervoor gevra nie.
- Elke toer se fotos en videos word elke dag op Facebook gelaai, en u is welkom om ons te volg, www.facebook.com/namakwatoere. Ons Facebook blad spreek vanself. Dit is die bewys dat ons vir ons toerlede blomme wys en nie net deur die streek ry nie. Besoek gerus ons Facebook blad wat ons toerlede jaarliks ervaar en kyk ook gerus na hoe ons toerlede interaktief reageer. Na elke toer word daardie spesifieke toer se foto's op Facebook gelaai. Net nog 'n ekstra gratis diens wat Namakwa Toere aan ons toerlede bied!
  Blommekykers kom om blomme te sien – ons toerlede sien verseker blomme! Kyk gerus na ons "reviews & recommendations" op Facebook.

***DEPOSITO EN KANSELLASIE BELEID:***

- Die deposito vir die toer is betaalbaar **twee weke** na u bespreking, indien anders gereël met die kantoor. Die deposito is nie terugbetaalbaar en indien u die toer kanselleer, sal Namakwa Toere 'n administrasie fooi van R1 000 **per persoon** hef en die res van die fondse wat alreeds ontvang is, sal oorgedra word na 'n toer van u keuse binne 'n tydperk van **12 maande vanaf die datum van kansellasie.**
- **Kansellasiebeleid:**
  Indien 'n toer binne die onderstaande tydperke gekanselleer word, sal 'n sekere persentasie van die toerprys deur Namakwa Toere weerhou word en nie terugbetaal word nie (dit is nie van toepassing op die nie-terugbetaalbare deposito nie):
  - Meer as **90 dae (3 maande)** voor toer vertrek – 25% nie terugbetaalbaar
  - Tussen **60 en 90 dae voor toer (2-3 maande)** - 50% nie terugbetaalbaar
  - Tussen **1 en 30 dae (2-4 weke)** voor die toer vertrek – 75% nie terugbetaalbaar
  - Versuim om op te daag vir die toer – 100% nie terugbetaalbaar

  Toergelde kan slegs terugbetaal word indien 'n geldige bewys van siekte of sterfte verskaf word. In sulke gevalle sal diskresie toegepas en die situasie bespreek word.

Dit is belangrik om soveel streke in Namakwaland te besoek as moontlik en genoeg kennis te dra van hierdie interessante streke. Ons is bevoorreg om in Namakwaland te woon en van hier ons toere te onderneem. Ons weet presies waar om blomme te gaan kyk in ons streek, en ons bly op hoogte van weerstoestande. Namakwa Toere maak seker dat elke blommekyker net die mooiste blomme en beste besienswaardighede van die streek ontdek en teen die beste bekostigbare toerprys.

Ons begin elke oggend voor ons ry met 'n gebed, en sluit ons dag ook met 'n gebed af, en vertrou die Here vir 'n veilige en sielsverrykende toer.

Bid saam met ons vir goeie reën en 'n voorspoedige reis.

Vriendelike groete uit BLOMMELAND

*Namakwa Toere Span*

| **4 DAG BLOMME TOER: DAG 1 -** |
|---|
| Ons vertrek vanaf Kaapstad en ry deur Bloubergstrand, verby Melkbosstrand, Atlantis en Mamre oppad na Darling. Vandaar vertrek ons nader aan die kus waar ons by Langebaan verby gaan. Ons sal ook Saldanha se hawe sien - die grootste, diepste en veiligste hawe in Suid-Afrika! Volgende op ons roete is die Weskus se drielingdorpies Velddrif, Port Owen en Laaiplek wat aan die mond van die Bergrivier, die bokkomhoofstad van SA uitmaak. Ons ry ook deur Dwarskersbos, verby Rocherspan en oor die Verlorenvlei voordat ons by Elandsbaai uitkom. Hier word die kreefbakkies met hyskrane van die kaai tot in die baai laat sak. Van hier kies ons koers deur die Sandveld verby Leipoldtville en Graafwater via Clanwilliam na Vanrhynsdorp waar ons elke aand van die toer sal oornag in Namaqua Lodge. |
| **4 DAG BLOMME TOER: DAG 2 -** |
| Vandag is `n lang dag en een van die hoogtepunte op die toer! Ons vertrek vroeg-oggend deur die Knersvlakte waar dit op die oog af lyk of daar niks is nie, maar wanneer ons stop en uitklim is almal verbaas om die verskeidenheid en hoeveelheid dwergvetplantjies te sien wat tussen die wit kwartsklippies groei - sommige plantjies lyk ook net soos die klippies! Ons ry deur die Hardeveld met dorpies soos Nuwerus en Bitterfontein. Voor ons Garies bereik ry ons die Namakwalandse Klipkoppe binne wat strek tot noord van Springbok. Ons sal op hierdie roete `n ou verlate dorpie sien wat moes skuif en die kleinste titelakte in SA. Ons lê besoek af aan die ou koper-myndorpies rondom Springbok - Nababeep, Concordia en Okiep, wat op `n stadium die rykste kopermyn in die wêreld was. |
| **4 DAG BLOMME TOER: DAG 3 -** |
| Ons volg vandag `n ander roete deur die Knersvlakte tot teen die Bokkeveldberge waar ons die skouspelagtige Vanrhynspas sal bestyg tot bo op die Bokkeveldplato by Nieuwoudtville - die bolplanthoofstad van die wêreld! Ons sal die dag rondom hierdie pragtige dorpie spandeer en besienswaardighede soos die kokerboomwoud, Nieuwoudtville-waterval en gletserspore besoek. Ons sal ook besoek aflê aan die NG-kerk, `n Pragtige sandsteengebou met `n baie interessante geskiedenis. Hulle glo dat hulle die enigste kerk in die wêreld is wat `n monument vir skuld opgerig het! |
| **4 DAG BLOMME TOER: DAG 4 (Laaste dag) -** |
| Die laaste dag van ons toer, maar steeds `n kleurvolle dag propvol opwinding! Ons ry deur die Olifantsriviervallei tot by Clanwilliam waar ons die Pakhuisberge sal binnegaan. Hierdie rotsformasies laat mens net weer besef hoe nietig ons is, en dit lyk asof die rotse bo-op mekaar gepak is. Ons lê ook besoek af aan C. Louis Leipoldt se graf in die berge. Op Clanwilliam besoek ons die Strassberger skoenfabriek. Ons ry hierna verder deur die vallei met die Sederberge en Olifantsrivierberge weerskante van die pad tot ons die Piekenierskloofpas oorsteek. Die roete neem ons verder deur die Swartland met sy goudgeel canola- en grasgroen koringlande. Na `n asemrowende dag word `n sielsverrykende toer afgesluit in Kaapstad. |

| **5 DAG BLOMME TOER: DAG 1 tot DAG 3** |
|---|
| Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoere |
| **5 DAG BLOMME TOER: DAG 4 -** |
| 'n Lekker Weskus ondervinding lê voor vir vandag. Ons ry via Vredendal en Lutzville met al die wingerdlande en groentetonnels, wat die noordelike deel van die Olifantsriviervallei uitmaak. Ons beweeg nader aan die kus en sal sien hoe die Olifantsrivier by Papendorp in die see uitmond. Ons maak `n draai by Standfontein wat een van die gewildste vakansiedorpies langs die Weskus is met sy lang wit uitgestrekte strand. `n Klipgooi suid van Strandfontein kry ons die skilderagtige dorpie Doringbaai, `n regte vissersdorpie. Ons volg `n roete verder suid tot by Lambertsbaai van waar ons sal terugkeer na die binneland. |
| **5 DAG BLOMME TOER: DAG 5 -** |
| Program soos by 4-dag Namakwalandse blommetoer (Laaste dag) |

| **6 DAG BLOMME TOER - DAG 1 tot DAG 4** |
|---|
| Program soos by 5-dag Namakwalandse blommetoere |
| **6 DAG BLOMME TOER: DAG 5 -** |
| Vandag beloof om `n baie opwindende dag te wees! Ons vertrek na nog `n stewige ontbyt verby Klawer, al langs die Olifantsrivier tot by Clanwilliam. Hier ry ons via die Pakhuispas in die Sederberge in en ry oor die Brandewynrivier tot waar ons by die Engelsman-se-graf (uit die Anglo-Boereoorlog) uitkom. Ons draai weg na die Biedouwvallei, wat bekend is om in `n goeie jaar te spog met die mooiste blomme. |
| **6 DAG BLOMME TOER: DAG 6** |
| Program soos by 4/5-dag Namakwalandse blommetoer (Laaste dag) |

Hotel verblyf vir diegene wat voor die toer vertrek of nadat die toer afgehandel is.
Alle hotel besprekings MOET deur Namakwa Toere gedoen word, om hierdie tarief te betaal.
Neem kennis ons neem GEEN kommissie op enige hotel of pendeldiens besprekings.

| | **City Lodge – Grand West Casino – (3***)** **Toer vertrek 08:00** |
|---|---|
| Enkelkamer | R1 896 |
| Dubbel/Twin | R2 131 |
| Ontbyt | Volledige ontbyt ingesluit in tarief<br>Weeksdae : 06:30 – 10:00<br>Naweke : 07:00 – 10:30 |
| Middag & Aandete | #Cafe Restuarant – 12:00 – 21:30<br>Verskeie restaurante by Grand West Casino beskikbaar |
| Pendeldiens | R350 vir eerste persoon + R50 pp ekstra maksimum 4 persone |
| Parkering | Motors kan geparkeer word by City Lodge tydens toer,<br>indien u oornag aand voor toer vertrek |
| WiFi | Gratis |
| Ekstra | Sitkamer met kroeg fasiliteit<br>Grand West Casino , verskeie restaurante, vermaaklikheid en teaters |
| Web tuiste | https://clhg.com/hotels/125/GrandWest-Hotel |
| Tel | (021) 535 3611 |

| | **Hotel Verde Lughawe (4****)** **Toer vertrek 08:30** |
|---|---|
| Enkelkamer | R1 860 |
| Dubbel/Twin | R2 160 |
| Ontbyt | Volledige ontbyt ingesluit in tarief<br>Weeksdae : 04:30 – 09:30<br>Naweke : 04:30 – 10:00 |
| Middag & Aandete | A la Carte Restaurant<br>Middagete : 12:30 – 15:00<br>Aandete : 18:30 – 22:30<br>Kamer bediening : 10:00 – 22:30 |
| Pendeldiens | Gratis |
| Parkering | Gratis indien u oornag slaap<br>R150 per nag indien u motor tydens die toer by die hotel wil los |
| WiFi | Gratis |
| Ekstra | Sitkamer met kroeg fasiliteit<br>Gimnasium |
| Web tuiste | http://www.hotelverde.co.za/ |
| Tel | (021) 380 5500 |

| | **Road Lodge Lughawe – (1*)** **Toer vertrek 08:15** |
|---|---|
| Enkelkamer | R1 010 |
| Dubbel/Twin | R1 140 |
| Ontbyt | Kontinentale ontbyt ingesluit in tarief<br>Weeksdae : 06:30 – 09:00<br>Naweke : 07:00 – 10:00 |
| Middag & Aandete | A la Carte Restaurant<br>12:00 – 20:30 |
| Pendeldiens | R110 vir die eerste persoon en R50 vir elke ekstra persoon daarna |
| Parkering | Motors kan gratis geparkeer word indien u aand voor toer en aand na toer oornag |
| WiFi | Gratis |
| Ekstra | Het nie kroeg maar verkoop drankies in restaurant |
| Web tuiste | https://clhg.com/hotels/308/Cape-Town-International-Airport |
| Tel | (021) 934 7303 |

# BESPREKINGSVORM

## *TOERLID 1:*

VAN: ....................................................................... MNR/MEV/MEJ – VOORLETTERS: ............................

VOLLE NAME: .......................................................... NOEMNAAM: ..........................................................

ID- NR: ................................................................. TEL NR: ....................................................................

WOONADRES: ......................................................... SEL NR: ....................................................................

.............................................................................. E-POS: .....................................................................

## *TOERLID 2:*

VAN: ....................................................................... MNR/MEV/MEJ – VOORLETTERS: ............................

VOLLE NAME: .......................................................... NOEMNAAM: ..........................................................

ID- NR: ................................................................. TEL NR: ....................................................................

WOONADRES: ......................................................... SEL NR: ....................................................................

.............................................................................. E-POS: .....................................................................

| | | | |
|---|---|---|---|
| WAAR HET U GEHOOR OF GESIEN VAN DIE TOER | FACEBOOK | RSG | ANDER |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| TOER DATUM:................................. | AKKOMMODASIE: | ENKEL | DUBBEL | TWIN | 3 BED |
| MOET ONS HELP MET VLIEGREELINGS: KOSTES R200 PP | | JA | NEE | | |
| VLUGTE *NA* KAAPSTAD | VANAF LUGHAWE | DATUM | | | |
| VLUGTE *VANAF* KAAPSTAD | NA LUGHAWE | DATUM | | | |
| HOTEL BESPREKINGS IN KAAP | JA | NEE | DATUM *VOOR* TOER | DATUM *NA* TOER | |
| CITY LODGE GRAND WEST CASINO | VERDE HOTEL LUGHAWE | ROAD LODGE LUGHAWE | | | |
| AKKOMMODASIE IN KAAPSTAD | ENKEL | DUBBEL | TWIN | | |
| MOET ONS HELP MET PENDELDIENS IN KAAPSTAD | JA | NEE | | | |
| INDIEN U SELF VLUGBESPREKINGS DOEN, BEVESTIG ASSEBLIEF U VLUGBESONDERHEDE VIR ONS AANDAG: | | | | | |
| DATUM, TYD & VLUG NR *NA* KAAPSTAD<br>DATUM, TYD & VLUG NR *VANAF* KAAPSTAD | | | | | |
| TOER OPKLIMPUNT: | CITY LODGE 08:00 | VERDE HOTEL 08:30 | ROAD LODGE 08:15 | | |

NAASBESTAANDE NAAM & KONTAK NR: ..........................................................................................

HANDTEKENING: .................................................. DATUM: ..............................................................

**e-pos na : info@namakwatoere.com**